



LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
**PUBLIC WORKS, ROADS
AND INFRASTRUCTURE**

**Departement
van**

**Openbare Werke, Paaie
en Infrastruktuur
LIMPOPO**

HANDELING TOT DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING VIR
DEPARTAMENT VAN OPENBARE WERKE, PAAIE EN INFRASTRUKTUUR LIMPOPO
INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG
TOT INLIGTINGSWET, 2000 (Wet nr. 2 van 2000)

WEERGawe 9: 2018

**HANDLEIDING TOT DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT
INLIGTING VIR DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE, PAAIE
EN INFRASTRUKTUUR LIMPOPO INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN
DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT
INLIGTINGSWET, 2000 (Wet nr. 2 van 2000)**

1. INHOUD

ITEM	BESKRYWING	BLADSY
A	Funksies en strukture van die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktur	3
B	Kontak besonderhede	4
C	Artikel 10 gee riglyne oor hoe die Wet toegepas moet word	4
D	Toegang tot verslae in besit van die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktur	5
i	Rekords wat aangevra mag word	5
ii	Die aansoekprosedure	6
E	Automatiese mededeling	8
F	Beskikbare dienste	10
G	Hoe om toegang tot hierdie dienste te verkry	10
H	Herstellende maatreëls beskikbaar as die bepalings van die wet nie nagekom word nie	11
I	Voorgeskrewe tariewe	11
J	Voorgeskrewe vorms vir toegang tot rekords	13

2. **BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 14**


A. **FUNKSIES EN STRUKTURE VAN DIE DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE, PAAIE EN INFRASTRUKTUUR**

i. **TAKE EN FUNKSIES**

Die take en funksies van die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur is:

- Bestuur die funksionering van regerings-infrastrukture
- Voorsiening van projek bestuurdienste aan die provinsiale departemente
- Bestuur die instandhouding van regeringsgeboue
- Dienstlewering van eiendomsbestuur
- Bestuur die implementering van die "Expanded Public Works Programme" (EPWP) in die Provincie
- Paaie Infrastruktuurbestuur

ii. **'n SKEMATIESE DIAGRAM VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT OPENBARE WERKE, PAAIE EN INFRASTRUKTUUR IS AS VOLG: -**



iii. **DIE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE, PAAIE EN INFRASTRUKTUUR:**

Die politieke hoof van die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur is die LUR (Limpopo) terwyl die administratiewe hoof (rekeningpligtige beampte) die Hoof van die Departement is.

Die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur bestaan uit 'n Proviniale kantoor in Works Towers, Polokwane en verskeie distrikskantore geleë in Sekhukhune (Lebowakgomo), Capricorn (Polokwane), Vhembe (Sibasa), Waterberg (Mokopane en Modimolle) en Mopani (Giyani).

B. KONTAK BESONDERHEDE: [Artikel 14(1)(b)]

ADJUNK INLIGTINGSBEAMPTE	ADRES
Hoof van die Departement	Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700 TEL NO.: +27 15-284 7120 FAKS NO.: +27 15-284 7039 E-pos: moloton@dpw.limpopo.gov.za
ADJUNK INLIGTINGSBEAMPTE	ADRES
Hoof Auxiliary and Records	Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700 TEL NO.: +27 15 284 7272 FAKS : NO.: +27 15 284 7031 E-pos: mailulap@dpw.limpopo.gov.za

ALGEMENE INLIGATION:	Straatadres: - Kerkstraat 43 POLOKWANE 0699 Webwerf: www.dpw.limpopo.gov.za
	Posadres: - Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700
	Telefoon: +27 15 284 7000 +27 15 284 7120 +27 15 284 7272
	Faks: +27 15 284 7031 +27 15 284 7039

C. ARTIKEL 10 RIGLYNE OOR HOE DIE WET TOEGEPAS MOET WORD [Artikel 51(1)(B)]

Artikel 10 riglyne is beskikbaar by enige Departementele kantoor en kan ook verkry word van die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie. Alle navrae kan gerig word aan:
Die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie
Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligtingswet (PAIA) afdeling
Navorsing en Dokumenterings Departement

Posadres:

Braampark Forum 3
33 Hoofd Straat
Braamfontein

Tel: +27 11 877 3600

Webwerf: www.sahrc.org.za

E-pos: PAIA@sahrc.org.za

D. TOEGANG TOT VERSLAE IN BESIT VAN DIE DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE, PAAIE EN INFRASTRUKTUUR:

i. REKORDS WAT AANGEVRA MAG WORD [Artikel 14(1)(d)]

Beskrywing van onderwerpe en kategorieë van rekords wat deur die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur aangehou word:

ONDERWERP	KATEGORIE	SUB-KATEGORIE
Strategiese- en beleidsbestuur	Monitering en koördinering van strategiese ontwikkelingsbeplanning	<ul style="list-style-type: none">• Strategiese Beleid• Ontwikkelingsprogramme• Ontwikkelingsprogram verslae• Ekonomiese navorsingsverslae
Transvormasie en transversale dienste	<ul style="list-style-type: none">• Monitor die implementering van transformasie beleide• Monitor die uitvoer van rekordsbestuurstelsels• Bestuur van die workersbystandsprogram• Bestuur diens-lewering koördinerings• LUR ondersteuning• Kommunikasie- en inligtingsbestuur• IT dienste• Monitor vorderingsmeting stelsels	<ul style="list-style-type: none">• Verslae• Agendas en notules van onderhoudsvergadering• Werkswinkels en seminare• Toesprake• IT Stelsels• Persverklarings
Verskaf Korporatiewe bestuur en risikobestuur dienste	<ul style="list-style-type: none">• Monitor die implementering van interne kontroles	Risiko / Oudit verslae
Verskaf arbeidsverhoudingsdienste	<ul style="list-style-type: none">• Bemiddeling en versoening	<ul style="list-style-type: none">• Resolusies• Ooreenkomste• Verslae
Menslike hulpbrondienste	Beleide in: - <ul style="list-style-type: none">• Ontstaan van• Aanstellings• Plasing• Vergoeding• Bevordering van personeel	<ul style="list-style-type: none">• Persoonlike lêers• Personeel rekords• Jaarverslae
Finansiële administrasie	<ul style="list-style-type: none">• Aanskaffing• Salarisse	<ul style="list-style-type: none">• Tenderstelsels en dokumente• Bate register• Aanskaffingstelsels• Begrotings• Verbintenisregister• Krediteursverslae
Geboue, grond en akkommodasie	<ul style="list-style-type: none">• Tegniese Dienste• Grond• Geboue• Eiendomme	<ul style="list-style-type: none">• Ingenieursdienste• Opmeting• Argitek dienste• Aankope van land en geboue• Onteiening

		<ul style="list-style-type: none"> • Beplanning en oprigting • Huur en sekuriteitsdienste • Skoonmaak van grond en ontwerpning van landskappe
“Expanded Public Works Program”	<ul style="list-style-type: none"> • Beplanning en ontwikkeling • Projek implementering 	<ul style="list-style-type: none"> • Ko-ordinering van verslae • Opleiding en mentorskap • Armoedeverligting
Paaie infrastruktuurbestuur	<ul style="list-style-type: none"> • Aanleg en toerusting • Ingenieursdienste • Padkonstruksie en instandhouding • Brûe en strukture • Ontwikkeling en adverteering • Spesiale projekte • Padagentskap • Tender sake 	<ul style="list-style-type: none"> • Aanskaffing, instandhouding en gebruik • Aanstellings en dienste • Omgewingskwessies • Distrikte, kampe en verkeersdepartemente • Nasionale, provinsiale, deurpaaie, tolpaaie, distrikte en kruisings • Toegang, paaie op komplekse, privaatpaaie en vloedskade • Land, vergoeding en grafte • Reserwes, verkeerstekens en waarskuwings • Brûe strukture en heinings • Mynbou en advertensies • Raadslede, aanstellings en kontrakte

ii. DIE AANSOEKPROSEDURE:

Sulke rekords sal aan ‘n aansoeker toegestaan word as die rekords in die Departement Openbare Werke, Paaie en Infrastruktur bestaan en die aansoeker aan die volgende vereister voldoen:

- Voldoen aan alle proses vereistes in die wet met betrekking tot die versoek om toegang tot daardie rekord, en
- Toegang tot die rekord in terme van die vereistes van die wet is.

Aard van die aansoeker:

- ‘n Aansoeker moet die gedrukte vorm gebruik wat in die Staatskoerant verskyn het [Regeringskennisgewing R 187- 15 Februarie 2002] (Vorm A).
- Die aansoeker moet ook aandui of ‘n afskrif van die rekord nodig is en of toestemming verkry moet word om die rekord te besigtig. Andersins, as die dokument nie ‘n rekord is nie, kan dit in die aansoekvorm besigtig word waar moontlik [s 29(2)].
- Wanneer ‘n persoon toegang aanvra op ‘n spesifieke vorm behoort die aansoek toegestaan te word op voorwaarde dat daar nie onredelik ingemeng word met die verloop van sake in die departement nie, die rekord beskadig word nie of inbreuk gemaak word op die kopiereg wat nie aan die staat behoort nie. As toegang tot inligting om welke rede nie in die aangevraagde vorm beskikbaar is nie maar wel in ‘n ander vorm dan sal die gelde vereken word volgens die aansoeker se eerste versoek [s 29(3) en (4)].
- As ‘n aansoeker bo en behalwe ‘n skriftelike antwoord tot die aangevraagde dokument ook op ‘n ander wyse ingelig wil word byvoorbeeld per telefoon dan moet die aansoeker dit aandui [s 18(2)(e)].

- As 'n aansoeker inligting aanvra namens iemand ander moet die hoedanigheid waarin die aanvraag gemaak word, aangedui word [s 18(2)(f)].
- As die aansoeker ongeletterd is of 'n gebrek het, kan die aansoek vir die rekord mondelings gemaak word. Die inligtingsbeampte moet dan die vorm namens die versoeker invul en sorg dat die aansoeker 'n afskrif daarvan kry [s 18(3)].

Daar is twee soorte fooie wat betaal moet word in terme van die Wet naamlik die aansoek fooi en die toegangsfooi s22:

'n Aansoeker wat toegang tot 'n rekord aanvra wat sy/haar persoonlike inligting bevat hoef nie die voorgeskrewe fooi te betaal nie. Enige iemand anders wat inligting aanvra wat nie persoonlik van aard is nie moet die voorgeskrewe fooi betaal:

- Die inligtingsbeampte moet die aansoeker (anders as 'n persoonlike aansoeker) in kennis stel by wys van 'n kennisgewing in verband met die betaling van die voorgeskrewe fooie voordat die aansoek geprosesseer word.
- Die aansoekfooi is R35. Die res van die fooie word aangedui onder die opskrif voorgeskrewe fooie (punt F hieronder). Waar toepaslik mag 'n aansoeker 'n interne versoek of 'n aansoek tot die hof rig teen die tender of betaling van die aansoekfooi.
- Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit geneem het oor die aansoek, moet die aansoeker in kennis gestel word daarvan op die wyse waarin die aansoeker aangevra het.
- As die aansoek toegestaan word, moet 'n verdere toegangsfooi betaal word vir die soektog, voorbereiding en herprodusering asook vir enige tyd wat die voorgeskrewe ure oorskry om die rekord te soek en voor te berei vir mededeling.

E. AUTOMATIESE MEDEDELINGS [Artikel 15 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligtingswet, 2000, Wet 2 van 2000]

[Regulasies 5A]


BESKRYWING VAN DIE KATEGORIE REKORDS WAT AUTOMATIESE BESKIKBAAR IS IN TERME VAN ARTIKEL 15(1)(a) VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTINGSWET, 2000	MANIER WAAROP TOEGANG TOT REKORDS VERKRY KAN WORD ((ARTIKEL 15(1)(b))
VIR INSPEKSIE IN TERME VAN ARTIKEL 15(1)(a)(i):	
<ul style="list-style-type: none"> • Jaarverslae • Goedgekeurde organogram • Begrotings • Omsendskrywe van geadverteerde betrekings en dienste • Openbare verslae • Afskrifte van toesprake deur die HUB • Departementele wette, regulasies, riglyne en prosedure handleiding • Departementele Jaarlikse Uitvoerende Plan 	<p>Dié rekords mag geïnspekteur word by die Departement, adres alle versoekte aan:</p> <p>Die Kantoor van die Adjunk Inligtingsbeampte, Departement Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700 Tel No.: +27 15 284 7000 Faks No.: +27 15 284 7031</p>

<ul style="list-style-type: none"> • Departementele Lêerstelsels • Departementele Vorms • Departementele Strategiese Plan • Regstellende werksgeleenheidsverslag • Vervolgpublikasies en tydskrifte • Nuusbriewe • Die Wet op die Bevordering van Toegang tot die Inligtingswet Handleiding • Promosiemateriaal • Diensleveringskedule • Verbeterde Diensleveringsplan • Diensleveringstandaarde • Telefoonlys van personeel • Verbindingstaat 	<p>E-pos: mailulap@dpw.limpopo.gov.za of besoek ons webwerf by www.dpw.limpopo.gov.za</p>
VIR AANKOPE IN TERME VAN ARTIKEL 15(1)(a)(ii):	
<ul style="list-style-type: none"> • Tenderdokumente 	<p>Rekords kan gekoop word by: Departement Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur Verskaffingsafdeling Works Towers 1ste Vloer Kerkstraat 43 POLOKWANE 0699</p>
VIR AFSKRIFTE IN TERME VAN ARTIKEL 15(1)(a)(iii):	
<ul style="list-style-type: none"> • Jaarverslae • Goedgekeurde organogram • Begrotings • Omsendskrywe van geadverteerde betrekings en dienste • Openbare verslae • Afskrifte van toesprake deur die HUB • Departementele wette, regulasies, riglyne en prosedure handleiding • Departementele Jaarlikse Uitvoerende Plan • Departementele Lêerstelsels • Departementele Vorms • Departementele Strategiese Plan • Regstellende werksgeleenheidsverslag • Vervolgpublikasies en tydskrifte • Nuusbriewe • Die Wet op die Bevordering van Toegang tot die Inligtingswet Handleiding • Promosiemateriaal • Diensleveringskedule • Verbeterde Diensleveringsplan • Diensleveringstandaarde • Telefoonlys van personeel • Verbindingstaat 	<p>Dié rekords kan verkry word op versoek van die Departement. Alle versoekte moet gerig word aan:</p> <p>Die Kantoor van die Adjunk Inligtingsbeampte, Departement Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700 Tel No.: +27 15 284 7000 Faks No.: +27 15 284 7031 E-pos: mailulap@dpw.limpopo.gov.za of besoek ons webwerf by www.dpw.limpopo.gov.za</p>
GRATIS REKORDS IN TERME VAN ARTIKEL 15(1)(a)(iii):	
<ul style="list-style-type: none"> • Omsendskrywe van geadverteerde betrekings • Nuusbriewe 	<p>Die rekords kan aangevra word by:</p>

<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet op die Bevordering van Toegang tot die Inligingswet Handleiding • Pamflette • Promosiemateriaal 	<p>Die Kantoor van die Adjunk Inligtingsbeampte, Departement Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700</p> <p>Departement Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur Works Towers 1ste Vloer Kerkstraat 43 POLOKWANE 0699</p> <p>Tel No.: +27 15 284 7000 Faks No.: +27 15 284 7031 E-pos: mailulap@dpw.limpopo.gov.za of besoek ons webwerf by www.dpw.limpopo.gov.za</p>
---	--

F. **BESKIKBARE DIENSTE EN HOE OM TOEGANG TE VERKRY [Artikel 14(1)(f)]**

i. AARD VAN DIENSTE



ii. HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY

Om toegang te verkry tot die dienste van die Departement van Openbare Weke, Paaie en Infrastruktuur, moet aansoeke aan die Hoof van die Departement gerig word.

Die Hoof van die Departement: Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur

Adres: Kerkstraat 43
Polokwane

Posadres: Privaatsak X9490
Polokwane
0700

Telefoon: +27 15 284 7000
Faks: +27 15 284 7031
Webwerf: www.dpw.limpopo.gov.za
E-pos: moloton@dpw.limpopo.gov.za.

G. REËLINGS VIR OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN RIGLYNE EN DIE UITVOERING DAARVAN [Artikel 14(1)(g)]

Ingesluit is die prosedures vir konsultasies met die publiek, daar word ook voorsiening gemaak vir insette (byvoorbeeld die publiek kan voorstelle maak aan komitees) of op enige ander manier waarop die publiek deel kan hê of insette kan lewer by die formulering van riglyne en die uitvoering daarvan. Die departementele reëlings vir openbare betrokkenheid sluit die volgende in:

Werkswinkels – die publiek mag dit bywoon en insette lewer.

Voorleggings en Verslae – die Jaar- en Openbare verslae van die Departement is beskikbaar vir die publiek om insette te lewer.

Openbare deelname – openbare deelname deur Imbizo's, versoek.

Vakleerlingprogramme – daar is werwingsriglyne in plek vir die werwing van die publiek in dié poste

Konsultante en kontrakteurs – die seleksie van konsultant is deel van die verskaffingsbestuurriglyne.

H. DIE HERSTELLENDE MAATREËLS BESKIKBAAR AS DIE BEPALINGS VAN DIE WET NIE NAGEKOM WORD NIE [Artikel 14(1)(h)]

As 'n aansoeker nie tevrede is met enige besluit wat deur die Inligtingsbeampte/Adjunk inligtingsbeampte geneem is nie, mag die aansoeker 'n beroep op die Lid van die Uitvoerende Raad in die Departement van Openbare Werke, Paaie en Infrastruktuur doen.

I. VOORGESKREWE TARIEWE SOOS AANGEDUI ONDER ARTIKEL 11 VAN DIE REGERINGSKENNISGEWING 187 IN DIE STAATSKOERANT OP 15 FEBRUARIE 2002

1. Die fooi vir 'n afskrif van die handleiding soos oorweeg uit regulasie 5(c) is R0, 60 vir elke A4-grootte fotostaat of gedeelte daarvan.
2. Die fooie vir her-produksie waarna verwys word in regulasie 7(1) is soos volg:

BESKRYWING	BEDRAG
(a) Vir elke A4-grootte fotostaat of 'n gedeelte daarvan	R 0,60
(b) Vir elke gedrukte afskrif van 'n A4-grootte bladsy of 'n deel daarvan gehou op 'n rekenaar of in elektroniese of masjien-leesbare vorm	R 0,40

(c) Vir 'n afskrif in 'n rekenaar-leesbare vorm op –	
(i) stiffie-skyf	5.00
(ii) laserskyf	40.00
(d) (i) Vir 'n transkripsie van visuele beelde, vir 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	22.00
(ii) Vir 'n afskrif van visuele beelde	60.00
(e) (i) Vir 'n transkripsie van 'n audio rekord, vir 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	12.00
(ii) Vir 'n afskrif van 'n audio rekord	17.00

3. Die aansoekfooi betaalbaar deur elke aansoeker, anders as 'n persoonlike aansoeker, verwys is in regulasie 7(2) is R35, 00.

4. Die toegangsfooie betaalbaar deur 'n aansoeker wat na verwys is in regulasie 7(3) is soos volg:

4.1

BESKRYWING	BEDRAG R
(a) Vir elke A4-grootte fotostaat of 'n gedeelte daarvan	0.60
(b) Vir elke gedrukte afskrif van 'n A4-grootte bladsy of 'n deel daarvan gehou op 'n rekenaar of in elektroniese of masjien-leesbare vorm	0.40
(c) Vir 'n afskrif in 'n rekenaar-leesbare vorm op –	
(i) stiffie-skyf	5.00
(ii) laserskyf	40.00
(d) (i) Vir 'n transkripsie van visuele beelde, vir 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	22.00
(ii) Vir 'n afskrif van visuele beelde	60.00
(e) (i) Vir 'n transkripsie van 'n audio rekord, vir 'n A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	12.00
(ii) Vir 'n afskrif van 'n audio rekord	17.00
(f) Om te soek na en die rekord voor te berei vir toegang, R15.00 vir elke uur of deel daarvan, uitsluitend die eerste uur, redelik benodig vir so 'n soektog en voorbereiding.	

4.2. Die volgende word toegepas vir die doeleindes van artikel 22 (2) van die Wet:

- (a) ses ure moet oorskry word voordat 'n deposito betaalbaar is; en
- (b) 'n derde van die toegangsfooi is betaalbaar as 'n deposito deur die aansoeker.

.3. Die werklike posgeld is betaalbaar wanneer 'n afskrif van 'n rekord aan die aansoeker gepos moet word.

J. **VOORGESKREWE VORMS VIR TOEGANG TOT 'N REKORD**

**AANHANGSEL B VAN REGERINGSKENNISGEWING 187 IN
DIE STAATSKOERANT OP 15 FEBRUARY 2002**

VORM A

AANSOEK VIR TOEGANG TOT 'N REKORD

(Artikel 18(1) van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000

(Wet No. 2 van 2000))

[Regulasie 2]

AANSOEK VIR TOEGANG TOT REKORDS	
VIR DEPARTEMENTELE GEBRUIK	Verwysingsnommer:
Aansoek ontvang deur: -	
Naam:
Rang:
Datum:
Plek:
Aansoekfooi (indien enige):	R
Deposito (indien enige):	R
Toegangsfooi:	R
HANDTEKENING: INLIGTINGSBEAMPTE / ADJUNK INLIGTINGSBEAMPTE	
VERWYSINGSNOMMER:	

A. BESONDERHEDE VAN OPENBARE LIGGAAM

INLIGTINGSBEAMPTE	ADRES
Hoof van die Departement	Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700 TEL NO.: +27 15-284 7120

	FAKS NO.: +27 15-284 7039 E-pos: moloton@dpw.limpopo.gov.za
ADJUNK INLIGTINGSBEAMPTE	ADRES
Me. Makhafola TJ	Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700 TEL NO.: +27 15-284 7272 FAKS : NO.: +27 15 284 7031 E-pos: mailulap@dpw.limpopo.gov.za
ALGEMENE INLIGTING:	<p>Straatadres: - 43 Kerk Straat POLOKWANE 0699 Webwerf: www.dpw.limpopo.gov.za</p> <p>Posadres: - Privaatsak X9490 POLOKWANE 0700</p> <p>Telefoon: +27 15 284 7000 +27 15 284 7120 +27 15 284 7272</p> <p>Faks: +27 15 284 7031 +27 15 284 7039</p>

B. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT TOEGANG TOT REKORD VERSOEK

AANSOEK OM TOEGANG TOT REKORD
VAN:
<input type="text"/>
VOLLE NAME:
<input type="text"/>
IDENTITEITSNOMMER:
<input type="text"/>
POSADRES:
.....
.....
.....

Besonderhede van rekord

- a) Verskaf volle besonderhede van die rekord waarna toegang versoek word, insluitend die verwysingsnommer (as dit aan u bekend is) om opsporing van die rekord te vergemaklik.
- b) As die bepaalde spasie onvoldoende is, gaan gerus voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan hierdie vorm. Die aansoeker moet alle aangehegde bladsye onderteken.

BESKRYWING VAN REKORD:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

VERWYSINGSNOMMER (Indien beskikbaar)

C. BESONDERHEDE VAN PERSOON NAMENS WIE DIE VERSOEK GEMAAK WORD

Hierdie deel moet ingevul word alleenlik as die aansoek vir inligting namens iemand anders gedoen word.

VOLLE NAME:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

IDENTITEITSNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

D. BESONDERHEDE VAN REKORD:**Besonderhede van rekord**

- a) Verskaf volle besonderhede van die rekord waarna toegang versoek word, insluitend die verwysingsnommer (as dit aan u bekend is) om opsporing van die rekord te vergemaklik.
- b) As die bepaalde spasie onvoldoende is, gaan gerus voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan hierdie vorm. Die aansoeker moet alle aangehegde bladsye onderteken.

BESKRYWING VAN REKORD:

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
VERWYSINGSNOMMER (Indien beskikbaar)
ENIGE VERDERE BESONDERHEDE VAN REKORD
.....

E. FOOEI

- | |
|--|
| (a) 'n Versoek vir toegang tot 'n rekord, anders as een wat persoonlike inligting oor u self bevat,
sal alleenlik geproseseer word nadat 'n aansoekfooi betaal is. |
| (b) U sal in kennis gestel word van die bedrag betaalbaar as aansoekfooi. |
| (c) Die fooie betaalbaar vir toegang tot 'n rekord is afhanglik van die vorm waarin die toegang
verlang word en die redelike tydperk wat benodig word om die rekord op te spoor en voor te
berei. |
| (d) As u vir kwytskelding van betaling van enige fooie kwalifiseer, meld asseblief die rede
daarvoor. |

REDE VIR KWYTSKELING VAN BETALING VAN FOOIE:

F. VORM VAN TOEGANG TOT REKORD

As u weens gestremdheid verhoed word om te lees, kyk of luister na die rekord in die wys van
toegang soos verskaf word in 1-4 hieronder, duि die gebrek aan en ook die wyse waarin die rekord
verlang word.

Gestremdheid:	Vorm waarin rekord versoek word:
---------------	----------------------------------

Merk die toespakklike deel met 'n "X".

NOTAS:

- (a) *U aanduiding van die vorm van toegang tot 'n rekord is afhanklik van die vorm waarin die rekord beskikbaar is.*
- (b) *Toegang in die verlangde wyse mag onder sekere omstandighede geweiier word. In so 'n geval sal u in kennis gestel word of toegang in 'n ander vorm toegestaan sal word.*
- (c) *Die fooi betaalbaar vir toegang tot die rekord (indien nodig) sal gedeeltelik bepaal word deur die wyse waarin toegang verlang word.*

1. Indien die rekord in geskrewe of gedrukte vorm is-

	Afskrif van rekord*		Inspeksie van rekord
--	---------------------	--	----------------------

2. Indien die rekord uit visuele beelde bestaan-

(dit sluit in fotos, skyfies, video-opnames, rekenaar-gegenereerde beelde, sketse ens.)

	Besigtiging van beelde		Afdrukke van beelde*		Transkripsies van beelde*
--	------------------------	--	----------------------	--	---------------------------

3. Indien die rekord bestaan uit woorde of inligting wat in klank herproduseer kan word -

	Luister na die klankbaan (audiokassette)		Transkripsie van klankbaan* (geskrewe of gedrukte dokument)
--	---	--	--

4. Indien die rekord op rekenaar of in 'n elektroniese of masjien-leesbare vorm gehou word-

	Gedrukte afskrif van rekord*		Gedrukte afskrifte van inligting verkry van die rekord*		Afskrif in rekenaar leesbare vorm* (stiffie of laserskyf)
<p>*As u 'n afskrif of transkripsie aangevra het sal u dit graag aan u gepos wil hê?</p> <p>Posgelde is betaalbaar.</p>				JA	NEE
<p><i>L.W. as die rekord nie beskikbaar is in die verkose taal nie mag toegang gegee word in die taal waarin die rekord beskikbaar is.</i></p>					
<p>In watter taal verkies u die rekord? :.....</p>					

G. KENNISGEWING VAN BESLUIT IVM AANVRAAG TOT TOEGANG

U sal skriftelik in kennis gestel word of u versoek goedgekeur is of nie. As u op 'n ander wyse daarvan in kennis gestel word, spesifieer asseblief die wyse en verskaf die nodige besonderhede.

Hoe verkies u om in kennis gestel te word i.v.m. u aansoek tot die rekord?

.....

.....

.....

.....

Geteken op hierdie dag van20...(JAAR)

.....

HANDTEKENING VAN AANSOEKER / PERSOON NAMENS WIE VERSOEK GERIG WORD

